KERSFEESTOER 2023
TOERPROGRAM
18 – 27 Desember 2023

Desember

Ma 18 JOHANNESBURG – AMSTERDAM

Toerlede meld op **18 Desember** om **20:00** by **KLM** se inweegtoonbank op die **O.R. Tambo-lughawe** in Johannesburg aan vir **Vlug KL 592** wat om **23:59** na Amsterdam vertrek.

Di 19 AMSTERDAM – BERLYN

Die groep land om **10:15** op Schiphol-lughawe in **Amsterdam** en beweeg saam met die toerleier na die hek waar ons om **12:30** die aansluitingsvlug **(KL 1825)** na **Berlyn** haal.

Ons bus wag reeds op ons wanneer ons om **13:45** in die waardige hoofstad van Duitsland aankom. Na 'n kort oriënteringsrit van hierdie stad, gaan ons na ons hotel waar ons die volgende twee nagte bly.

Desember is een van die beste tye van die jaar om Berlyn te besoek. Dié stad word omtower in 'n paradys met duisende liggies, gesellige Kersfeesmarkte, feestelik versierde strate en talle klassieke- en gospelkonserte. Sodra ons uitgerus is, gaan verken ons die stad en besoek ons eerste Kersfeesmark! Diegene wat nog energie na die lang dag het, kan gerus 'n plan maak om by die Kersfeestuin by die Botaniese tuin in Berlyn uit te kom. Dit is 'n feesparadys! Kaartjies kan vooraf aanlyn gekoop word. Aandete en oornag by die hotel.

Wo 20 BERLYN

Wanneer 'n mens aan **Berlyn** dink, duik die Berlynse Skandmuur onwillekeurig in jou gedagtes op. Agt-en-twintig jaar lank was die Berlynse muur 'n droewige simbool van die verdeling tussen Oos- en Wes-Duitsland waar duisende hul lewens verloor het in 'n poging om na die Weste te vlug. In die vroeë oggendure van 13 Augustus 1961 is met die bou van die muur begin en op die 28ste 'verjaarsdag' van die muur sou niemand kon voorspel dat dit slegs drie maande later sou verdwyn nie! Dié 'wonderwerk' het op 9 November 1989 plaasgevind.

Gedurende ons stadstoer vanoggend sien ons onder andere die oorblyfsels van die Skandmuur, die Ryksdaggebou, die Brandenburgpoort, die Duitse staatsoperagebou, die kleurvolle vermaaklikheids- en koopsentrum, *Kurfurstendamm*, die ultra-moderne Alexanderplein, die indrukwekkende Russiese monument en die Olimpiese stadion. Ons ry met die *Unter den Linden*-laan waar ons o.a. paleise, museums, ambassades en kantoorgeboue aan beide kante van die roete sien.

Die res van die dag het toerlede vrye tyd en kan elkeen die dag na hartelus spandeer. U kan met die *Hop on Hop off* deur die stad reis; van die talle museums in die stad besoek of 'n bootvaart op Berlyn se riviere, kanale en mere onderneem. Gedurende die bootvaart sal u onder andere die *Fernsehturm* (TV-toring) – op 368 m Duitsland se hoogste struktuur – en *Checkpoint Charlie*, die ou deurgang tussen Oos- en Wes-Duitsland gedurende die tydperk van die Berlynse muur, sien.

Daar heers 'n feestelike atmosfeer in Berlyn gedurende Desember wat tasbaar is wanneer 'n mens by van die meer as 80 Kersfeesmarkte in die stad rondkuier en tipiese Duitse lekkernye geniet. Dit sluit *kartoffelpuffer* (aartappelkoekies), *flammkuchen* ('n tipe pizza), verskillende soorte Duitse wors, *raclette* (gesmelte kaas oor verskillende tipe bykosse), pretzels, *gebrannte mandeln* (geroosterde amandelneute), *lebkuchen* (spesery-soetkoekies), marsipein, wafels, *apfelstudel* (appeltert) en *stollen* (digte koek met gedroogte vrugte, neute en speserye bedek in droë versiersuiker) in. Moet ook nie van die unieke drankies wat eie aan die Kerstyd in Europa is, vergeet nie! Ons geniet aandete, kuier gesellig saam en oornag by ons hotel.

Do 21 BERLYN – OBERHOF

Ons vertrek ná ontbyt per bus na **Oberhof** – een van die gesogste dorpies in die **Thüringerwoud**. Dit is 'n gewilde wintersportsentrum waar die biathlon-wêreldbeker gereeld aangebied word. Dit is moontlik om 'n demonstrasie van glasblasery en/of houtsneewerk hier by te woon, die wintersportfasiliteite te verken en 'n sleerit in die sneeu te onderneem!

Ons oornag in hierdie populêre vakansiedorp en het oorgenoeg tyd om die Kersfeesmark te besoek en die tradisionele Kersfeeskultuur in hierdie deel van Duitsland eerstehands te beleef. Die feestelike atmosfeer, tesame met 'n stomende koppie glühwein, verdryf die koue sommer vinnig.

Ons geniet aandete by ons hotel in Oberhof.

Vr 22 OBERHOF – LAUSCHA – SEIFFEN/OMGEWING

Ná ontbyt vertrek ons na **Lauscha**. Dit is die geboortestad van Kersboomversierings wat uit glas gemaak is. Ons besoek die bekende *Farbglashütte* (gekleurde glashut). Daar is ook ander fabrieke en werkswinkels waar besoekers demonstrasies soos o.a. glasblasery kan besigtig.

Ons ry verder deur die sprokiesmooi Thüringerwoud en stop vir middagete in **Saalfeld**. Myners het honderde jare terug in hierdie area begin myn vir goud, silwer en ander edelgesteentes. In plaas van duur skatte het hulle egter swart aluin – 'n waardevolle mineraal – ontdek. Die myn is rondom 1850 gesluit en vir 'n lang tyd was daar geen mynaktiwiteite in dié area nie. Die oorblyfsels van die grotte is later in 'n kleurvolle ondergrondse wêreld omskep wat vandag as die 'Feengrotten' (feëtjiegrotte) bekendstaan. Ons besoek hierdie sprokieswêreld ...

Voort na **Seiffen** in die Ertsgebergte – 'n distrik wat bekend is vir talle Kersfeestradisies. Namate die ontginning van silwer en tin in die gebied afgeneem het, was die werklose myners genoodsaak om nuwe maniere te vind om vir hulle families te sorg. Benewens die maak van kant en weefware het die plaaslike bevolking hulle tot houtsneewerk gewend en vandag word Seiffen as een van die belangrikste sentrums van die houtspeelgoedindustrie in Duitsland beskou.

Ons skop vir die volgende drie aande nes in of in die omgewing van Seiffen.

Sa 23 SEIFFEN

Van die gewildste houtartikels wat volop in hierdie dorp gekry kan word, is *Nussknackern* (neutekrakers), *Räuchermännchen* (rookmannetjies), Kersfeespiramides en *Schwibbögen* (houtboë wat gedurende die Kerstyd in mense se vensters uitgestal word).

Die speelgoedmuseum en opelugmuseum in **Seiffen** is 'n besoek werd.

Ons woon vandag die jaarlikse bergparade in **Annaberg-Buchholtz** by waar tradisionele uitrustings en musiek aan die orde van die dag is. Een van die gewildste aandenkings uit hierdie area is die welriekende rookkerse en -huisies.

Daar is talle tradisies wat reeds oor jare, veral gedurende die advent- en Kerstyd, in hierdie gedeelte van Duitsland gevier word. 'n *Gemütlicher* ***Hutzenabend*** is 'n klassieke voorbeeld hiervan en die busmaatskappy sal probeer om vir ons groep plek by een van hierdie saamkuiergeleenthede te bespreek.

***** *Hutzen* beteken "huddle"/nestel/saamkuier. Dit is 'n tradisie wat deur die myners se vrouens ingestel is.

So 24 SEIFFEN

Ons besoek vandag die *Bergkirche* in **Seiffen** waar ons moontlik saam 'n paar Kersliedere kan sing.

Indien jy steeds nie by die Kersfeesmark in Seiffen 'n draai gemaak het en/of een van die vervaardigers van die tradisionele neutekrakers, rookmannetjies en ander houtware besoek het nie, is vandag jou laaste kans.

Vanaand kuier ons heerlik saam en geniet 'n spesiale Oukersaandete (en – wie weet – dalk 'n wit Kersfees!) in Europa.

Ma 25 SEIFFEN – PRAAG

Baie Duitsers verwys na Seiffen as "unsere Weihnactsland" (ons Kersfeesland)! Na ontbyt groet ons die sogenaamde Kersfeesland en vertrek na die hoofstad van die Tsjeggiese Republiek: **Praag**. Praag is een van die mooiste stede ter wêreld en speel reeds eeue lank 'n sentrale rol in die Europese kulturele lewe. Dis ook bekend as die stad waar talle kunstenaars gewoon en gewerk het. Smetana komponeer sy simfonie *My Vaderland*, Kafka skryf sy beroemde werk *Die Protes* en Mozart vind hier die rus om sy operas te komponeer. Praag kan met reg saam met Wene in Oostenryk "musiekstad" genoem word.

Praag is werklik 'n besoekersparadys. Die bruisende Vltava-rivier (vroeër genoem Moldau) vloei onder talle pragtige ou brûe deur, waarvan die Karlsbrug 'n treffende voorbeeld is.

Praag het 'n uitmuntende argitektoniese skoonheid, merkwaardige monumente uit die Romeinse tydperk, wêreldberoemde Gotiese bouwerke en stadsuitleg, asook besondere artistieke juwele uit die Barok-, Renaissance- en Art Nouveau-tydperke. Hoewel die stad dikwels deur die eeue verwoes is, het hierdie erfenis behoue gebly.

Diegene wat kans sien, kan die stad te voet verken. Dit is ook moontlik om met kleiner bussies deur die ou stad te ry. Vanmiddag is u vry om die stad op u eie te verken of om 'n opsionele bootvaart op die Vltava te onderneem. Gaan stap oor die Karlsbrug om die silhoeët van die kasteel teen die sonsondergang te aanskou of ná sononder na die pragtig verligte kasteel te kyk.

Die oorvloed Gotiese geboue in Praag herinner aan prentjies uit sprokiesverhale. Gedurende Desember bring die liggies en versierings wat met hierdie tyd van die jaar gepaard gaan 'n selfs groter bekoring aan dié stad. Alhoewel die Kersfeesmarkte net tot voor Kersdag oop is, is daar heelwat ander Kersaktiwiteite waaraan 'n mens nog tot einde Desember kan deelneem. 'n Besoek aan die Bethlehem-kapel wat jaarliks 'n tematiese uitstalling van kuns- en handwerkartikels huisves en 'n rit op die "Kersfees-metro" is twee aangename ervarings.

Vanaand kuier ons vir oulaas saam met kosbare, nuwe vriende.

Di 26 PRAAG – PARYS

Daar is vanoggend tyd om bietjie later te slaap, rustig ontbyt te eet en in te pak en selfs 'n paar laaste inkopies te doen voor ons kort na middagete na die lughawe vertrek. Ons vlieg om **17:45** met **Air France** (Vlug **AF1083**) na **Parys** waar ons om 19:45 land. Ons aansluitingsvlug na Johannesburg vertrek om 21:15.

Wo 27 JOHANNESBURG

Vlug AF 990 land om 08:55 in **Johannesburg**. Ons neem net die mooiste herinneringe van 'n wonderlike Kersvakansie saam met ons die nuwe jaar in.

LW: *Weens omstandighede buite ons beheer kan dit gebeur dat die toerprogram aangepas moet word.*